

15 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:31–13:13 (OAV)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:31 (OAV)

En ek wys julle 'n nog uitnemender weg

Ons moet aan 1 Korintiërs 13 dink as 'n rivier wat sy loop of sy weg deur baie draaie en kronkelgange vind. Telkemale lyk dit of die rivier nie verder kan loop nie; tog, al lê die hoogste berg in die rivier se pad, op een of ander wyse vind dit sy loop totdat dit op die verste punt in die see uitmond.

Presies so is 1 Korintiërs 13 geskrywe. Dit is saamgestel soos 'n rivier wat die liefde laat vloei. Hierdie loop of weg waarlangs liefde moet kan vloei, beskryf Paulus vir ons as “'n nog uitnemender weg...” Terwyl ons die liefde in sy stroom verder volg, kom ons by die breë loop van hierdie rivier. Die wesentlike van die liefde lê in die woorde, “die liefde soek nie sy eie belang nie..”. Wat die vloei van water so wonderlik en suksesvol maak, is dat dit altyd wegvloei van sy eie bron. Dit bring 'n verdere belangrike kenmerk van liefde na vore, naamlik dat liefde tussen die sondaar en sy sonde invloei. As die liefde sy weg tussen die sonde en die sondaar vind, bedek die liefde alles. Ware Christelike liefde is verder 'n liefde wat hard werk. Dit hou vas, dit hou aan, dit hou uit. Soos 'n stroom wat tot by die see vloei, hou dit aan, al kom daar baie lyde op die pad. Liefde en lyde vloei baie keer juis saam. Liefde word lyde, omdat daar sonde is, maar deur die liefde is versoening met die sondaar ook moontlik.

Hierdie samevloeiing van liefde en lyding is 'n kruisvloeiing, wat mens direk voor die kruis van Jesus Christus stel. Daar was liefde en lyding inmeekaargevleg, en in hierdie lyde het die liefde oorwin. Die liefde het so deur die lyding gevloei, dat die sonde nie bloot oorstroom is nie, maar afgewas, weggespoel en uitgewis is. As die liefde deur lyding vloei, dan vloei dit ook deur die dood heen. Dit is sterker as die dood. Christus is die onomstootlike bewys daarvan. Sy liefde het meegebring dat Hy vir ons alles gedoen het – ja, sy liefde het die dood aan die kruis oorwin.

Sing: Psalm 116:1,7 Ds PJ Venter (Dendron/Magalakwin)